Ploegland

Moedig beur die osse teen die span van die rieme
Die koppe nederig laag teen die weerstand ingebuk
Die roep van die boer se stem wat gedurigdeur bemoedig
laat die osse gewillig dra aan die swaar las van die juk

La la la la La la la la
Aan die swaar las van die juk

Woes en rof skeur die skaar deur die grondkors van die aarde
Hy breek en maal die kluite in die boer se nuwe land
Een vir een val die vore uit in lang reguit rye
Die ploeg sekuur gestuur deur die boer se ferm hand

La la la la La la la la
Deur die boer se ferm hand

Ek en jy is die skaar wat skeur deur die braakland van die lewe
Getrek deur God se Gees se krag kyk ons nie een maal om
Gestuur deur Sy hand ploeg ons vir Hom die vore
Berei ons die goeie grond vir die Saaier wat na ons kom

La la la la La la la la
Jesus die Saaier wat na ons kom

As ek net kon

As ek net kon sou ek die seer van elke mens wou verlig
As ek kon sou ek saam die las help dra
As soveel mense smekend neerval dat Hy hul wonde sal genees
sou ek so graag die hande van my Jesus
vir elke een wou wees

As ek net kon sou ek die wêreld van Sy blydskap wou vertel
As ek kon sou ek die tyding weer herhaal
Wanneer die volke van die aarde die oorlogspad betree
sou ek so graag die vrede van my Jesus
vir elke volk wou gee

As ek net kon sou ek die vreugde van die hemel vir jou gee
As ek kon sou ek jou in Sy arms plaas
Ek sou vra dat Hy jou optel en jou styf teen Hom sal hou
sodat die volle liefde van my Jesus
jou altyd toe sal vou

As ek net kon sou ek die weer-kom
van die Koning wou verhaas
As ek kon blaas ek self die groot basuin
Maar tot daardie dag dan aanbreek
dat ons Hom oog tot oog sal sien
sal ek so graag wil lewe soos my Jesus
en Hom getrou wil dien

Hoor ... Jesus klop

Waar kom jy vandaan ?
Weet jy waarheen jy gaan ?
Of is jy maar eensaam en verdwaal
En beur jy teen die wind om jou pad weer terug te vind
Soek jy iemand om jou weer te kom haal ?
Hoor jy nie Jesus staan en Hy klop nou aan jou deur
Hy wil inkom Hy wil in jou hart regeer
Jou sonde maak nie saak as jy net die deur oopmaak
en jou lewe en jou hart vir Jesus gee
Jou lewe en jou hart vir Jesus gee

Is jy nog vandag in die duiwel se mag
Jy moet weet hy kan jou seermaak en hy sal
As jou pad vol dorings raak sal hy jou las al swaarder maak
Maar daar's Iemand wat jou sal optel as jy val
Want, hoor - Jesus staan en Hy klop nou aan jou deur
Hy wil inkom Hy wil in jou hart regeer
Jou sonde maak nie saak as jy net die deur oopmaak
en jou lewe en jou hart vir Jesus gee
Jou lewe en jou hart vir Jesus gee

So moenie langer wag. Maak reg met Hom vandag
Dat jy kan reg wees as Hy kom
En ek wonder of jy weet Jesus sal jou nooit vergeet
Al is jy swak jy's wonderlik vir Hom
Want Hy staan dan en Hy klop dan aan jou deur
Hy wil inkom Hy wil in jou hart regeer
Jou sonde maak nie saak as jy net die deur oopmaak
en jou lewe en jou hart vir Jesus gee
jou lewe en jou hart vir Jesus gee

Omdat jy nie jou kruis wou dra nie

Hoeveel keer was jy al verlore en het jy stil gaan staan
Hoeveel keer het jy al vas besluit : Dié keer sal ek gaan
Maar elke keer was die omdraai maar weer net pure skyn
Omdat jy nie jou kruis wou dra nie
het jou vreugde weer verdwyn
    Weer verdwyn, gou verdwyn
    Omdat jy nie jou kruis wou dra nie
    het jou vreugde weer verdwyn

Jy was toe weer verlore. Jy het weer in die stof gelê
Maar later het jy weer opgestaan en vir God weer `Ja' gesê
Maar ook dié keer was die omdraai maar weer van korte duur
Omdat jy nie jou kruis wou dra nie
verloor jou hart maar weer die vuur
    Verflou die vuur, jou hart se vuur
    Omdat jy nie jou kruis wou dra nie
    verloor jou hart maar weer die vuur

Voel jy dalk nou weer verlore ?
Maak jou hart dan nou weer oop
Besluit net om dié keer die regte pad
na die Here toe terug te loop
En as jy dan nou omdraai moet jy hier en nou besluit
Dat jy jou kruis vir God sal dra en sal loop teen die steiltes uit
    Die steiltes uit. Jy moet besluit
    Dat jy jou kruis vir God sal dra
    en sal loop teen die steiltes uit

    Die steiltes uit. Ek het besluit
    Dat ek my kruis vir God sal dra teen die lewe se steiltes uit

Meer en meer soos Jesus

Ek wil so graag glo dat ek Sy kind is
Ek wil so graag sê ek's lief vir Hom
Ek wil weet dat ek aan Hom verbind is
Ek wil so graag reg wees as Hy kom

Want ek word meer en meer en meer soos Jesus
Ek kom nader, nader aan Sy troon
My hele lewe gee ek aan Jesus
In my hart dra Hy die kroon

Ek wil so graag glo dat Hy die Een is
Ek wil so graag sê ek's lief vir Hom
Ek wil so graag bid as ek alleen is
Ek wil so graag reg wees as Hy kom

Want ek word meer en meer en meer soos Jesus
Ek kom nader, nader aan Sy troon
My hele lewe gee ek aan Jesus
In my hart dra Hy die kroon

Ek wil glo dat Jesus altyd daar is
Ek wil so graag sê ek's lief vir Hom
Ek wil glo dat die Bybel regtig waar is
Ek wil so graag reg wees as Hy kom

Want ek word meer en meer en meer soos Jesus
Ek kom nader, nader aan Sy troon
My hele lewe gee ek aan Jesus
In my hart dra Hy die kroon

Abba Vader

Abba Vader ek wil net kom dankie sê
Vir die liefde, die seën uit U hand
Vir sonskyn elke môre en elke druppel dou
Vir klein magrietjies se helder blommeprag
Vir `n geelvink en `n swaeltjie wat `n nes so slim kan bou
en vir skemerrooi aan die einde van die dag

Abba Vader ek wil net kom dankie sê
Vir die troos en die voorspraak van U Gees
Vir leiding as ek sukkel teen die steiltes op my pad
Vir die fluister wat ek sag in my gees kan hoor
U gee my lewensvreugde en vrede in my hart
en oorwinning as dit voel of ek verloor

Abba Vader ek wil net kom dankie sê
Vir U Seun se liefdesoffer aan die kruis
Vir die sweepslae, die spykers en elke druppel bloed
Hy't so gewillig daar gehang en daar gely
En dankie vir oorwinning oor die dood se donker graf
want ek weet Hy het opgestaan vir my

Daarom loof ek U en daarom prys ek U
uit my hart - diep uit my hart
Ja dankie Abba Vader want wat ook al gebeur
U bly altyd volkome in beheer

Herders in die veld

Buite die lig van ons vuurtjie se kring
het ons in die veld `n koor hoor sing
en skielik het `n man ons met `n skerp lig verblind
gesê hy bring die goeie tyding van `n hemelse Kind
Wat vrede op aarde sou bring
Vrede op aarde sou bring

Bang en verbaas het ons stil opgestaan
ons bondeltjies gevat en na die stal toe gegaan
Ek het stilweg getwyfel oor wat ons daar sou vind
Verwonderd oor die tyding van die hemelse Kind
En al wat ek nog kon hoor
was die hemelse lied van die koor

By die stal het die Kind in doeke gelê
net soos die man met die lig in die veld dit wou hê
Dit was half of die Kindjie glimlag toe ek naby Hom kom
en ek kniel toe uit `n vreemde eerbied vir Hom
Ek het geweet Hy was waarlik die Koning
wat waarlik die vrede sou bring

Maar wie sou kon raai, terwyl Hy daar lê
watter wrede einde sy lewe sou hê
Dat hierdie klein ou voetjies die kruispad sou stap
En soldate wrede spykers in hierdie ou handjies sou kap
Dat Hy vir ons sou moes ly
aan `n kruis sou moes hang vir my

Maar nou weet ons goed - Hy het net die weg gebaan
ons weet Hy was dood, maar Hy het weer opgestaan !
Nou weet ons waaroor het die engele so gesing
Oor die verlossing wat hierdie Kindjie met sy kruisdood sou bring
Juig die Redder is daar. Juig die Redder is daar !

Seilboot

My lewe is `n seilboot wat ver op reis moet gaan
en Jesus is my Stuurman wat aan die roer bly staan
God se plan vir my lewe is die wydheid van die see
en die winde wat my aandryf is die Gees wat Hy my gee
Daarom span ek my seile voor die Heilige Gees
want waar hierdie wind my waai is presies waar ek wil wees
En Jesus stuur my skip sekuur oor God se oseaan
en so kom ek eendag veilig by my eindbestemming aan
Golgota se kruishout is die boegspriet aan die hoof
en die pik tussen die planke is die seël van my geloof

Somtyds moet ek koers kies met `n skuins hoek teen die wind
Maar met so `n goeie Stuurman sal ek weer my rigting vind
Somtyds is daar storms en soms is die wind weer stil
want die draai van die seisoene word bepaal deur God se wil
En al kraak die mas en die toue teen die wind se volle krag
al stamp die boeg teen die golwe - ek weet wat op my wag
Soms voel ek hoe die balke teen die stormkragte kreun
en somtyds skep ek water maar ek weet waar gaan ek heen

En ek laai God se liefde soos `n skatkis aan boord
Bepaal die rigting van my reis
met die kaart van sy woord

En ek span al my seile voor die Heilige Gees
want waar hierdie Wind my waai
is presies waar ek wil wees
En Jesus stuur my skip sekuur oor God se oseaan
tot ek eendag in volmaaktheid op die hemelhawe staan

Soos jy

Weskus-vissershuisies en skuite by `n kaai
Somerson en seewind en meeue wat draai
Spierwit sand en `n dryfhoutvuur om `n snoekie op te braai
Dis die Kaap op sy beste en so moet dit bly
want niks pas by die seewind en by branders soos jy

As Drakensberg se pieke in die wolke verdwyn
en `n bergstroom flits en blink as die son daarop skyn
dan staan jy stil in eerbied, in die grootsheid voel jy klein
Dis Natal op sy beste en so moet dit bly
want niks pas by die sneeubedekte pieke soos jy

Herfs tooi die bome in Josef se jas
Teen skemer kom die stilte - druk jou sag teen hom vas
Hier kry jy die geleentheid om jou siel weer skoon te was
Dis die Bosveld op sy beste en so moet dit bly
want niks pas by `n hardekoolkampvuur soos jy

Net die beste het die Skepper vir ons land gehou
Sy grootste, sterkste blokke om ons berge mee te bou
Sy mooiste rooi vir sonop, vir die see die mooiste blou
Maar eintlik, sy grootste wonderwerk
het God geskep net vir my
want niks pas by my lewe, my liefling, soos jy

My gebed vir jou

Dit is laataand - die reëndruppels huil teen die ruit
Die stilte druk my vas - en ek staar voor my uit
Dis donker in my hart - daar is wolke voor die maan
En ek wonder hoe dit vanaand met jou gaan

Ek weet dat jy soms sukkel net om staande te bly
Jou stil eensaam aande gaan soms so stadig verby
Daarom vra ek die Vader dat Hy jou sal seën
Want ek weet net soos ek is jy ook alleen
Ek bid vir jou vir vrede ver bo alle verstand
Ek seën jou met vreugde uit die Here se hand
mag Hy jou teen die seerkry van alleen wees bewaar
en mag jy Sy liefde teer en sag ervaar

Al is jy dikwels hartseer en al is jy alleen
En al vloei daar soms trane soos hierdie laataand se reën
Wil ek hê dat jy sal weet en altyd sal onthou
ek's lief vir jou en ek bid elke dag vir jou
Ek bid dat jy sal vol word van die Heilige Gees
en dat jy deur Sy leiding meer soos Jesus sal wees
mag Hy jou teen die seerkry van alleen wees bewaar
en mag jy Sy liefde teer en sag ervaar

Mag Hy jou teen die seerkry van alleen wees bewaar
en mag jy, in Jesus, ook my liefde ervaar

Oorwinningslied

Ek sien in my gees die glorie en die almag van die Heer
Die Allerhoogste wat in liefde oor sy koninkryk regeer
Hy't belowe aan die einde op die wolke kom Hy weer
Hy is Koning Hy regeer
Loof Hom, prys Hom Halleluja (3x)
Hy is Koning Hy regeer

Die Here is ons Vesting wat vir altyd sal bly staan
Hy beskerm elke mens wat in geloof na Hom toe gaan
Hy's ons Skuiling, Hy is ons Wapen,
Hy het die vyand reeds verslaan
Hy is die Rots wat ewig staan
Loof Hom, prys Hom Halleluja (3x)
Hy is die Rots wat ewig staan

Kom deel nou in ons loflied hef jou hande op na bo
Blaas basuine, slaan op dromme
en kom dans voor God se oë
Kom leef in die oorwinning van sy Woord waarin ons glo
Want sy Woord sal ewig staan
Loof Hom, prys Hom Halleluja (3x)
Sy Woord sal ewig staan
Sy Woord sal ewig staan
God se Woord sal ewig staan

Aan die geringstes

Duisende klein hokkies van optelhout en sink
wat halflyf in die modder staan - rokerig en stink
Miljoene wat in lyding en ellende moet vergaan
en elke dag weer bakhand voor die rykes moet gaan staan

Wie gee ons die reg my vriend om God se seën te vra
as ons self nie eers bereid is om ons medemens te dra ?
Wie gee ons die reg tot klasverskil en rassehaat ?
Wat van die Geringstes van wie die Bybel praat ?

Duisende klein kindertjies wat honger is en koud
die seer van `n asbliklewe maak selfs die jongstes oud
Duisende gesinne wat haweloos moet dwaal
wat die eis van ons geldgierigheid net nie kan betaal

Wie gee ons die reg my vriend om op ander neer te kyk
terwyl ons vra "O Here, ons wil meer soos Jesus lyk"
Wie gee ons die reg tot die Fariseërgebed
terwyl die arm man op sy bors moet slaan en weet ...
Net genade red

Net een Man het die prys betaal
Hy't in ons plek kom staan
Ek en jy het self sy hande aan `n kruishout vasgeslaan
Besef dit nou my vriend - Hy't ons met God versoen
En Hy leef in die geringstes ... Wat het jy aan Hom gedoen ?

Besef dit nou my vriend - Hy't ons met God versoen
en Hy leef in die geringstes
Wat het jy aan Hom gedoen ?

As jy net glo

As jy net glo dat Jesus waarlik leef
As jy net glo Hy het jou regtig lief
Dan sal jy weet wat ware vrede is
In die stilte van Sy rus
As jy dit net sal glo

As jy net staan op die Rots van jou geloof
As jy kan hoop sonder om te sien
Dan sal jy weet hoe berge kan verdwyn
Hoe God se lig kan skyn
As jy maar net wil glo

Want as jy glo kan jy deur die storms staan
en deur jou donkerste nagte gaan
En deur te glo vervul jy God se wens
Sy diepste wil vir jou as mens

As jy net glo sal ander ook kan leef
As jy net glo word die koninkryk gebou
Want as jy glo sal mense duidelik sien
En ook die Here dien

Dis waarom jy moet glo

Sprokie vir 'n stadskind

As die reën van stof en roet verby is en die rook verdwyn
Sal daar in die sterrelose hemel 'n neonboog verskyn
    En kyk maar goed want as jy hom vind
    vertel ek vir jou 'n sprokie my kind
    Van 'n skatkis met ou kettings gebind
    aan die neonboog se punt

Volg hom elke nag oor swart riviere - oor kranse van beton
As jy aanhou stap tienduisend ure - sal jy dalk daar kom
    Maar hier moet jy jou nimmer laat bind
    Want, so lui die ou ou sprokie my kind
    As jy geluk en vrede wil vind
    Soek die neonboog se punt

Volg hom elke nag oor swart riviere - kyk nie eenmaal om
Dalk vind jy die land van blou saffiere en dalk 'n brokkie son.